

Afrika beskou as paradys vir beleggers

Hoër opbrengste op lang termyn, maar risiko is die adder in verhaal

Helena Wasserman, Johannesburg

Beleggers kyk met nuwe oë na Afrika se ontlukende markte wat 'n vonk vir hul portefeuljes kan verskaf terwyl die res van die wêreld se markte aanhou sukkel.

Die vasteland het die finansiële krisis goed weerstaan, met 'n raming van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) dat Sub-Sahara-Afrika vanjaar teen 5,5% gaan groei en volgende jaar nóg vinniger teen 5,9%.

Afrika bied hoër opbrengste op langer termyn, hoewel met hoër risiko, sê mnr. Peter Brooke, hoof van makro-strategiese beleggings by Old Mutual.

"Afrika is die laaste werklike beleggingsfront met goeie vooruitsigte vir groei, maar met ekwiteitsmarkte wat onderontwikkel is. Met sy groot hulpbronbasis bied dit die ontlukende verbruiker hefboomwerking – veral deur sagte kommoditeite soos voedsel."

En die verbruikersvraag is besig om te groei. Luidens 'n onlangse verslag deur die konsultasiegroep McKinsey gaan die getal huishoudings met 'n diskresionêre inkomste na verwagting teen 2020 al 128 miljoen bereik – 50% meer as tans.

Teen 2030 gaan die 118 grootste stede in Afrika oor gekombineerde bestedingskrag van \$1 300 miljard beskik.

The Economist Intelligence Unit verwag dat konstante groei van 5% per jaar oor die volgende vyf jaar op die vasteland gesien kan word. In dié raming is sewe van die tien snels groeiende ekonomieë in dié tydperk in Sub-Sahara-Afrika.

Maar daar is vele risiko's vir die groeivoorsigte – veral die olieprys.

Terwyl Nigerië en Angola ondersteun word deur oliepryse wat styg, kan dit elders voedselinflasie – én onrus – aanvuur.

Laer pryse van ander grondstowwe – menige Afrikalande is steeds van die uitvoer van hulpbronne afhanklik – kan ook nadelig wees.

En ten spyte van verbeterde makro-ekonomiese en politieke stabiliteit, het die krisis in die Ivoorkus gewys dat risiko's steeds bestaan. Die Ivoorkus se ekonomie kan vanjaar met meer as 7% krimp.

Groot institutionele beleggers gee te kenne dat om nie in Afrika te belê nie, sy eie risiko's inhou.


Terwyl groot dele van die wêreld ekonomies voortsukkel, is die konsensusmening dat dié strek alle verwagtinge gaan oortref en blootstelling daaraan is dalk net die vonk wat nodig is vir 'n beleggingsportefeulje.

Met die opskorting van die Ivoorkus se betalings van sy regeringseffekte was die vraag na Afrika-effekte steeds lewendig vanweë beleggers se bereidwilligheid om die risiko te loop om opbrengste van 6% te verdien.

Weens die illikiditeit van baie aandele markte in Afrika, het dié vasteland gewys hy is minder geneig om die dalings in internasionale markte na te volg.

Beleggers kyk ook al hoe verder as die gewone Afrika-bestemmings – Suid-Afrika, Nigerië en Egipte – na die vasteland se sogenaamde markte op die voorposte.

Dr. Adrian Saville, hoof van beleggings by Cannon Asset Managers, meen daar is merkwaardige geleenthede in Mosambiek, Ghana en Kenia. Al drie



Vragmotors wag in die Mombasa-hawe in Kenia op graan uit bergingsilo's wat deur Grain Bulk Handlers bestuur word. Dr. Adrian Saville, hoof van beleggings by Cannon Asset Managers, meen daar is merkwaardige geleenthede in Mosambiek, Ghana en Kenia. Foto: TREVOR SNAPP, BLOOMBERG

het uitstekende eienskappe indien na hul demografie, arbeidsmag en infrastruktuur gekyk word, sê hy.

"Dié drie lande het 'n arbeidsmag wat goed opgevoed is en het gebalanseerde ekonomieë."

Die ekonomie van Mosambiek het verlede jaar met 6% gegroei en dié van Ghana gaan vanjaar na verwagting met 13% groei, maar Saville sonder Kenia uit vanweë sy stabiele produksiebasis en die nabyheid van kernhandelsroetes.

Die marknavorser Business Monitor International (BMI) het onlangs vir Ghana gekies as een van sy drie gunsteling-ontluikende markte (saam met Mongolië en Kazakstan).

BMI is vol lof vir dié land se stabiele politieke bestel en sy gunstige sake-omgewing en verwag ruimte vir die geldenheid om beduidend teenoor die dollar te verstewig.

Die groep verwag dat die Ghanese cedi teen 2015 met 37% teenoor die dollar sal versterk het.

Stanbic Bank Ghana, 'n filiaal van

Standard Bank, het onlangs genoem hy het sterk groei in die eerste kwartaal van vanjaar getoon en die begrotings-teiken met 60% oorskry.

MTN, tesame met Hollard Insurance, het ook onlangs die wêreld se eerste lewensversekeringsdiens per selfoon in Ghana bekend gestel.

Vir Suid-Afrikaners, waar die plaaslike prys-verdiens-te veelvoud ('n aanwyser van hoe duur 'n aandeel is) amper aan 16 raak, lyk ander markte in Afrika goedkoop (wat verhandel teen 'n gemiddelde van 12).

Vertonings was egter wisselvallig, met die Keniaanse mark wat vanjaar al met meer as 9% gedaal het.

Om aandele in naburige lande se markte te koop, is ook nie altyd so maklik nie. Burokratiese rompslomp, die relatief ongesofistikeerde markte en die illikiditeit daarvan kan struikelblokke wees.

Die veelbesproke Brits-gebaseerde New Star's Heart of African, met 'n fokus op dié markte, kon nie beleggings

verkoop nie weens 'n tekort aan handel en het platgeval.

Daar is ook nie enige plaaslike effekte-trusts wat fokus op dié markte nie, hoewel daar sommige in die pypleiding is.

"Afrika se markte is nog nie gevestig nie en daar is 'n rede daarvoor. Likiditeit is laag, wisselvalligheid is hoog, regulatoriese standaarde onderontwikkel en politieke risiko 'n faktor," sê mnr. Pieter Koekemoer, hoof van persoonlike beleggings by Coronation.

"Al dié eienskappe maak dit moeilik om sekuriteite genoteer op die markte in tradisionele fondse te verpak. Tradisionele fondse maak op deursigtige en likiede markte staat om daaglikse waardasies en prysvasstelling moontlik te maak. Dit maak dit op sy beurt vir beleggers moontlik om daaglik in en uit fondse te beweeg."

Die manier waarop gewone beleggers tans blootstelling aan Afrika kan kry, is deur multibatefondse.

Die Coronation Balanced Plus Fund

het byvoorbeeld net meer as 1% in beleggings in Afrika buite Suid-Afrika.

"Ons fondsbestuurders in makro-strategiese beleggings het gesê hulle stel belang in daardie markte, maar sê ook hulle het nie tans enige noemenswaardige blootstelling daaraan nie."

Koekemoer verwag egter dat markte sal aanhou ontwikkel, met die gevolg dat hulle toegankliker sal raak.

Old Mutual beplan 'n Global Emerging Markets-effektetrust wat dié markte in die volgende paar maande sal begin dek, bestuur deur die Electus-boetiek, het 'n verteenwoordiger gesê.

Weens huidige bekommernisse is blootstelling aan die ontlukende markte gewoonlik in professionele beleggerskemas verpak, met minimum bydraes wat hoog is, sê Koekemoer.

"Die Coronation Africa Frontiers Fund byvoorbeeld vereis 'n minimum belegging van \$125 000." Imara, 'n finansieledienstegroep van Botswana met kantore in Suid-Afrika, bied 'n verskeidenheid Afrika-fondse. Sy Imara Afri-

“

Afrika se markte is nog nie gevestig nie en daar is 'n rede daarvoor. Likiditeit is laag, wisselvalligheid is hoog, regulatoriese standaarde onderontwikkel en politieke risiko 'n faktor.

Wat sê jy?
Stuur 'n SMS na 37172. Dit kos R1

can Opportunities Fund, met 'n minimum belegging van \$5 000 ('n aanvangstarief van 1% word gevra) teiken "groeimaatskappye teen 'n redelike prys". 'n Vyfde van sy bates is in Zimbabwe.

Die fonds het verlede jaar 'n opbrengs van 21% gelewer, maar wys vanjaar tot op hede slegs marginale groei.

Saville dink die beste manier vir beleggers om blootstelling aan die groei in Afrika te kry is deur na plaaslike maatskappye met bedrywighede buite Suid-Afrika te kyk.

Hy verkies kleiner maatskappye wat dikwels oorgesien word ten gunste van die gewone gunsteling – MTN, Shoprite en Standard Bank.

Saville hou van Grindrod, wat in Mosambiek uitbrei, Barloworld, wat aanlegtoerusting in Angola verkoop, en Itime, wat na Tanzanië en Mosambiek vlieg.

Sy gunsteling is die ELB Group, wat in konstruksie, myntoerusting en ingenieurswerke regoor Afrika bedrywig is.